HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 73 van 2026**

10 Junie 2026

**Geagte Graad 8 tot 11-ouers en -voogde,**

Met die eksamen wat tot 'n einde staan, wil ons graag die reëlings vir die laaste twee weke van die kwartaal met u deel.

Sien asseblief die aangehegte beplanningsdokument vir graad 8 tot 11.

Gedurende hierdie tydperk sal onderwysers saam met leerders besig wees met die behandeling van vraestelle asook die verwerking en verifiëring van punte. Dit is leerders se geleentheid om saam met vakonderwysers deur hulle vraestelle te gaan en te sien waar hulle punte verloor het. Terselfdertyd sal daar reeds begin word met die aanbieding van werk uit die Kwartaal 3-sillabus.

Kwartaal 3 is tradisioneel 'n kort, maar baie besige akademiese kwartaal. Om te verseker dat leerders voldoende tyd het om al die voorgeskrewe werk te voltooi en die vereiste inhoud te bemeester, is dit noodsaaklik dat ons reeds nou van die beskikbare akademiese tyd gebruik maak. Die werk wat gedurende die laaste twee weke van hierdie kwartaal behandel word, vorm deel van die leerinhoud vir die volgende kwartaal en sal dus nie bloot herhaal kan word nie.

Ons doen daarom 'n ernstige beroep op ouers om toe te sien dat leerders die **skool daagliks bywoon** en nie vroeër met vakansie vertrek nie. Gereelde bywoning verseker dat leerders geen belangrike werk misloop nie en goed voorbereid is vir die uitdagings van Kwartaal 3.

Die skool sluit amptelik op **Vrydag, 26 Junie om 11:00** vir die vakansie. Leerders ontvang ook op hierdie datum hulle rapporte vir Kwartaal 2. Ons versoek vriendelik dat hierdie datum gerespekteer word wanneer vakansie- of reisreëlings getref word.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking. Ons waardeer dit opreg en sien daarna uit om die kwartaal positief af te sluit.

Vriendelike Randjiegroete

E. Mans
Adjunk-hoof: Akademie

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

**BEPLANNINGS DOKUMENT 17-26 JUNIE 2026**
**Woensdag – 17 Junie 2026**
**Graad 8**

English FAL Literature 1 uur – eksamenlokale soos per rooster 08:00-09:30. Verdaag na eksamen.

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | **Vak** | **ENGLISH FAL P2 LIT (1) (08:30-09:30) SESSIETYD 1.5 UUR** | | | | | | | | |
| | **Klas** | **8A** | **8B** | **8C** | **8D** | **8E** | **8F** | **8G** | **8H** | **8I** |
| | **Lokaal** | **K1** | **K2** | **K3** | **K4** | **C1** | **C2** | **C3** | **L3** | **L4** |
| | 08:00-09:30 | SK | JH | SC | ZC | PBJ | JD | EE | GS | RVW |
| | AFLOS | 08:45-09:00 | 09:00-09:15 | 08:45-09:00 | 09:00-09:15 | 08:45-09:00 | 09:00-09:15 | 08:45-09:00 | 09:00-09:15 | 08:45-09:00 |
| | | ABO | ABO | EB | EB | EVDL | EVDL | GN | GN | RS |

**Graad 9**

**Vakkeuse werkswinkel 9A-E – B-blok en klubhuis**

| DATUM | TYD | KLAS | LOKAAL |
|---|---|---|---|
| 17 Junie 2026 | | | |
| WOENSDAG 17 Junie | 08:00 – 09:30 | 9 A<br>9 B | Klubhuis |
| | 08:00 – 09:30 | 9 C | B7 |
| | 08:00 – 09:30 | 9 D | B6 |
| | 09:30 – 11:00 | 9 C<br>9 D<br>9E | Klubhuis |
| | 09:30 – 11:00 | 9 A | B7 |
| | 09:30 – 11:00 | 9 B | B6 |
| | 11:00 – 12:30 | 9 E | B6 |

**Graad 10 en 11 - Fisiese Wetenskappe Fokussessies**

***Graad 10 – Juf Douwlien Fourie***

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-09:20 | 10-2 | C6 |
| 09:30-10:50 | 10-4 | C6 |
| 11:00-12:20 | 10-5 | C6 |
| 12:30-13:50 | 10-6 | C6 |

***Graad 11 – Juf Lin Naude***

| | | |
|---|---|---|
| 08:00-10:00 | 11-1 + 11-2 | C5 |
| 10:30-12:30 | 11-3 + 11-6 | C5 |

---

**Donderdag, 18 Junie**
**Graad 8**

Afrikaans stelwerk 1 uur – eksamenlokale soos per rooster 08:00-09:30. Verdaag na afloop van die eksamen.

| 8 | Vak | AFRIKAANS STELWERK (1) (08:30-09:30) SESSIETYD 1.5 UUR | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Klas | 8A | 8B | 8C | 8D | 8E | 8F | 8G | 8H | 8I |
| | Lokaal | K1 | K2 | K3 | K4 | C1 | C2 | C3 | L3 | L4 |
| | 08:00-09:30 | ABO | ED | LC | EVDL | EVD | GN | MM | MDV | CF |
| | AFLOS | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 | 08:45-09:00 |
| | | SK | JH | SC | ZC | PBJ | JD | EE | GS | RVW |

## Graad 9

### Vakkeuse werkswinkel 9F-I – B-blok en klubhuis

| 18 Junie 2026 | | | |
|---|---|---|---|
| DONDERDAG 18 JUNIE | 08:00 – 09:30 | 9 F<br>9 G | Klubhuis |
| | 08:00 – 09:30 | 9 H | B7 |
| | 08:00 – 09:30 | 9 I | B6 |
| | 09:30 – 11:00 | 9 H<br>9 I | Klubhuis |
| | 09:30 – 11:00 | 9 F | B7 |
| | 09:30 – 11:00 | 9 G | B6 |

## Graad 10 en 11
## Wiskunde en Wiskunde Geletterdheid

Let asseblief mooi op die lokale waar die klasse aangebied word, aangesien daar nog leerders van ander grade wat eksamen skryf.

| | PBJ | EGE | DLR | SGVZ | GS | FB | KP | KH |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 08:00-09:45 | WISKUNDE<br>10-1<br>F9 | WISKUNDE<br>11-2, 11-4<br>LO SAAL | WISKUNDE<br>10-3<br>F7 | WISKUNDE<br>11-1<br>F4 | | WG<br>10.3<br>F2 | WG<br>10-5<br>F9 | WG<br>11-4<br>G9 |
| 09:45-10:05 | | | | | | | | |
| 10:05-11:50 | WISKUNDE<br>10-4<br>F9 | WISKUNDE<br>10-5<br>F6 | WISKUNDE<br>10-6<br>F7 | WISKUNDE<br>11-5<br>F4 | WG<br>11-1, 11-5<br>LO SAAL | WG<br>10.6<br>F2 | | WG<br>11-6<br>G9 |
| 11:50-12:10 | | | | | | | | |
| 12:10-13:55 | | WISKUNDE<br>11-6<br>F6 | | | WG<br>10.4<br>L4 | | | |

## Vrydag, 19 Junie – Vrydag, 26 Junie

Graad 8-11 leerders volg 'n gewone skoolrooster. Onderwysers gaan tydens hierdie periodes deeglike vraestelbespreking met leerders doen, sowel as begin met kwartaal 3 se werk. Dit is dus uiters belangrik dat leerders hierdie week getrou skool bywoon.